DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

REDAKSIONEEL

Die jaar 2002 is al weer volstoom aan die gang. Ons mag terugkyk op ’n baie geseënde jaar wat betref die uitgawes van die Olielamp. Ons kon deur die Here se genade weer nege uitgawes publiseer sodat Sy werk voortgesit kan word. Nou mag ons vorentoe kyk en bid dat die Here ook met ons sal wees in die jaar wat voorlê. Sonder Sy genade sou ons niks kon doen nie.

Ons mag ook terugkyk op ’n baie geslaagde kongres, veral wat die lesings betref. Dit is nie altyd maklik om as kind van God te bly lewe nie. ’n Mens is geneig om die dinge wat hy nie verstaan nie, eerder te vermy veral as dit kom by swartmense se gelowe en gospelmusiek. Dit was ook ’n openbaring om te sien dat die Nuwe Vertaling baie verskil van ons 1953-vertaling, nou weet ons ook hoekom ons eerder die 1953-vertaling gebruik. Verder het ons ook nog besin oor wat die mens eintlik is. Ons kan nou dinge meer in perspektief sien. Lees maar verder hieroor in die Olielamp.

Die verenigings het ook al weer begin en ons het weer besin oor die doel van JV. Ons is almal deel van Christus se kerk en moet mekaar ondersteun terwyl ons saam die Woord van God bestudeer. Maar ons moet onthou om nie net op mekaar gefokus te bly nie, maar ook om oumense en siek mense te onthou. Hulle waardeer ’n kaartjie of ’n besoekie verskriklik baie.

Ek hoop dat almal hierdie jaar vol moed ingaan en met die wete dat God ons sal lei op die pad as ons Hom daarvoor vra. Mag die Heilige Gees ook in ons harte werk sodat ons altyd bereid sal wees om vir Hom te lewe en sodat ons die krag mag ontvang om die Lig van die evangelie aan ander mense ook te kan bring.

Namens die Pretoria redaksie
Karina Smit

INHOUD

Redaksioneel	1
Uit die woord	**2**
Die Derde bede: Laat U Wil geskied	2
Matt 5:17-20 — Is die wet outyds?	3
Die tweede sendingreis van Paulus	4
Op pad	**5**
Inspirasie van die Heilige skrif in twyfel getrek	5
Bybelstudie	6
Die Doel van Verenigingswerk	7
Voel jy ook so?	**9**
Carpe Diem…	9
Kinders van God in Afrika	10
Boeke	**12**
Drome in ‘n bottel – Penelope J. Stokes	12
Vuur op die horison – Engela van Rooyen	12
Sosiaal	**13**
Deur die sleutelgat	13
Voetspoor	14
Laat ons ons Liefde vir Mekaar Wys	15
Verjaarsdae	16

DIE DERDE BEDE: LAAT U WIL GESKIED

Floris Visser

Hierdie is ‘n gebed tot gehoorsaamheid. Ons vra dus vir die Here om ons te help om na Sy Wil te handel. Ons wil dus ten volle Sy gebooie nakom. Ook noudat die tye verander en die wêreld steeds meer dinge begin doen en van die Here begin afdwaal. Ook nou moet ons opstaan teen die wêreld en God ten volle gehoorsaam. Die toevoeging, *soos in die hemel so ook op die aarde*, wys daarop dat die Here so deur ons gedien wil word hier op aarde soos deur die engele in die hemel.

Daar is egter twee kante aan God se Wil. Die een kant het Hy in Sy Woord aan ons geopenbaar en die ander kant is die verborge dinge, die dinge wat Hy al besluit het voor die grondlegging van die aarde. Aan altwee kante moet ek egter gehoorsaam wees. “Hoe kan dit?” sal jy seker vra. Nou, ons moet gehoorsaam wees aan Sy gebooie en Sy geopenbaarde Wil. Ons moet daarna handel en daarin wandel. By die verborge besluite van God moet ons ons egter berus. As ons dit nie kan en wil doen nie loop ons nie soos die Here dit wil nie. As ons byvoorbeeld ‘n familielid aan die dood moes afstaan, moet ons nie vir jare lank vra vir wat het die Here dit gedoen en hoekom het dit gebeur nie. Ons moet besef dat dit die Wil van die Vader was. Ons moet ons dus daarby neerlê. Hiermee sê ek nie dat dit maklik moet wees of dat jy nie mag vra hoekom dit gebeur het nie en dat jy nie daaroor mag treur nie. Ek sê egter dat jy jou troos moet vind by die Here en dat jy jou by hierdie besluit moet neerlê en besef dat dit vir almal die beste is, want die Here doen net wat goed is vir Sy kinders.

Ons maak soms of ons nie Sy wil ken en asof Sy Wil nie aan ons geopenbaar is nie. Dit is egter net om onsself daar agter weg te steek. Die probleem is nie gebrek aan kennis nie, maar die gebrek aan die wil om onsself te onderwerp. Dit is dus waarvoor ons bid.

Daar is ook gevolge aan hierdie gebed verbonde. As ons hierdie bede bid vra ons of God se Wil mag geskied. Ons wil mag dus nie geskied nie. Daar is nie naas God se Wil ook nog plek vir my eie wil nie. Dit is dus óf God se Wil óf my wil. As ons dan so bid dan moet ons weet dat die dinge wat ek nog so graag wou doen nie altyd volgens God se Wil is nie. Ons bid dus eintlik teen onsself in. Ons vra die Here om alle onwilligheid weg te neem en dat Hy ons eie sondige wil wil afbrand, sodat Sy wil regtig ten volle kan geskied. Ons het ‘n voorbeeld hiervan in die Bybel. Bileam wou God se Wil en sy wil kombineer en ons weet almal dat dit duidelik nie kan werk nie.

Ons moet hierdie bede bid vir ons en al die mense soos ook in die HK Sondag 49 geskryf is. Allereers vir onsself, ons moet weer by onsself begin. Ons het ook wel verantwoordelikheid vir ander mense, maar ons moet eers die balk uit ons eie oog haal, voordat ons die splinter uit iemand anders se oog kan haal. Daar staan mos *op aarde* en ons bid dus dat Sy Wil orals en deur almal gehoorsaam word. As alle mense gehoorsaam sou wees aan Sy Wil dan sou daar hemel op aarde wees. Dan sou alle dinge en mense dus nuut gemaak wees. Dan sou die sonde dus uit die aarde verdryf wees. Ons vra dus uiteindelik in hierdie bede dat die Here alles en almal sal nuutmaak. Al die middele wat deur die mense uitgedink is om een groot *global village* te maak en

Redaksies:

Pretoria:
Redakteur: Karina Smit – karina_s@freemail.absa.co.za
Penningmeester: Arjan van Houwelingen
Lede: Wilma Lubbinge
Chris Stolper

Maranata:
Redaktrise: Cora Visser - jrvisser@global.co.za
Penningmeester: Daniël van der Meulen
Sekretaresse: Marie Louise van den Bout
Lede: Cornelia Kerkhoff
Frans Hagg
Johan de Vente

Kaapstad:
Redaktrise: Carina van Alten (luctor@mweb.co.za)
Artikelversorging: Corrien Geleynse
Jaco Haak
Sekretaresse: Clara van der Vinne
Finansies: Albert Drijfhout

Kontakpersone:
Johannesburg: Marietjie Bijker
Bethal: LeClue Nienaber
Springs: Richard Retief

Administrasie & uitleg:
Willemien Kleijn - willy_k@freemail.absa.co.za
Gerhard Bijker - gerh@rd.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp 9* keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R45.00 per jaar

so vrede op aarde te kry en een regering waarna almal sal luister. Dus geen oorloë meer, want almal het dieselfde regering. Al hierdie probeerslae en slim uitvindings moet misluk, want die sonde is steeds op die aarde. En dit is die wil van die mense en nie die Wil van God nie. Hierdie drome van die mense sal egter tog een keer waar word as ons derde bede ten volle verhoor sal word, as Christus terugkom en die hele aarde nuut sal maak. Dan sal die sonde verdwyn. Dan sal daar vrede wees en dan sal God se goeie Wil ten volle geskied.

Laat ons al hierdie dinge in gedagte hou as ons hierdie bede bid, want as ons hier nie oor nadink nie en nie probeer om ons eie wil te verloën nadat ons hierdie bede gebid het nie, is hierdie bede niks meer as ‘n vloek nie. Maar as ons dit met egte opregtheid bid sal God ons help om ook ons wil te onderdruk. En dan sal ons kan uitsien na die verhoring van hierdie gebed!!

MATT 5:17-20 — IS DIE WET OUTYDS?

Arjan van Houwelingen

“Moenie dink dat ek gekom het om die wet of die profete te ontbind nie. Ek het nie gekom om te ontbind nie, maar om te vervul.” - vers 17.

Ons het verlede jaar die eerste tafel van die tien gebooie behandel, en hierdie jaar wil ons die volgende tafel behandel. Is dit wel nodig? Baie mense vind die wet deesdae outyds, veral nadat Christus gekom het. Hy het ons mos vrygemaak? Alles is van Christus se koms af geoorloof, sê Paulus in I Kor 10. En ook sê hy dat die wet nie kan salig maak nie, maar ons juis tot sondaars maak. Baie mense dink dis veel beter om by die gebod van liefde wat Christus in Matt. 22: 34-40 gee, te hou, en dit dan volgens hulle eie manier in te kleur. Die details wat God gegee het, het irrelevant geraak.

Baie van die Jode het gedink dat Jesus dieselfde idees gehad het. Tydens die bergpredikasie het Hy die wet heeltemaal anders aan hulle voorgehou as wat die konserwatiewe Fariseërs in daardie tyd gedoen het. Dit het omtrent geklink asof Hy hulle ‘n nuwe wet voorgehou het, waar reëltjies onbelangrik geword het. Het Hy dan dalk gekom om iets nuuts in die plek van hulle wet te plaas?

Jesus kan raai wat in die Jode se gedagtes omgaan, en ontken dit dan ook ten sterkste. Hy heg nog groot waarde aan die wet en die profete, omdat dit God self was wat dit ingestel het. In vs.19 sê Hy selfs: *Elkeen dus wat een van hierdie gebooie breek en die mense só leer* (leer dat die wet onkragtig is*) sal die minste genoem word in die koninkryk*. In vs. 20 stel Hy dit nog skerper waar Hy sê dat ons geregtigheid meer moet wees as dié van die Fariseërs, as ons in die koninkryk van die hemele wil inkom. En die Fariseërs was in die tyd ‘n voorbeeld van vrome lewenswandel vir die Jode gewees.

Jesus heg dus heel duidelik nog baie waarde aan die wet. Maar Jesus besef nie slegs die waarde van die wet nie, Hy voeg ook waarde aan die wet toe. Hy het die gebooie kom vervul. Let op, vervul beteken nie dat Hy die gebooie onkragtig maak nie, maar juis vol maak en inkleur dat ons die regte waarde daarvan kan insien. Waar die wet bedoel is om vir ons ‘n heilige lewe te laat lewe, het ons sondes dit vir ons onmoontlik gemaak. Met Christus se koms het die wet uiteindelik tot sy volle potensiaal gekom. Dit dryf ons nou na Christus toe, wat deur sy bloed en deur die Heilige Gees ons steeds meer vir Hom heilig, en ons ook die wil gee om as heiliges voor Hom te lewe. Paulus verduidelik dit in Rom. 8:3-4: *Want God het - wat vir die wet onmoontlik was, omdat dit kragteloos was deur die vlees - deur sy eie Seun in die gelykheid van die sondige vlees te stuur, en dit ter wille van die sonde, die sonde veroordeel in die vlees, sodat die reg van die wet vervul kon word in ons wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees*. Paulus sê hier dat deur ons sondeval die wet kragteloos geraak het, want dit kon ons nie meer red nie en het ons net meer aanleiding tot sonde gegee.

Deur die werk van Christus en die Heilige Gees het die wet nou weer heelwat betekenis gekry: Dit gee ons sondebesef, sodat ons steeds weer na God toe gedryf word; en dit gee ons ‘n mooi manier hoe om Hom te dank vir alles wat Hy vir ons gedoen het. Ook beskerm dit ons daarteen om weer opnuut af te val na ‘n lewe sonder Hom. Laat ons daarom nooit die wet afskryf as iets wat onnodig geword het nie, maar dankbaar wees dat God ons ook deur die wet wil bewaar.

DIE TWEEDE SENDINGREIS VAN PAULUS

Christine van der Linden

In Handelinge 16:10 lees ons dat daar van "ons" gepraat word, soos in die res van die Bybelboek. Van nou af is die skrywer dus persoonlik teenwoordig.

Na die teleurstelling van die vorige weke, word daar nou vreugde gegee aan Paulus. Hy reageer dan ook dadelik. Hulle vertrek en na 'n voorspoedige reis van twee dae sien hulle die Europese kus. In Filippi is daar nie 'n sinagoge nie en Paulus soek die Joodse gebedsplek. Dit was meestal by 'n rivier, sodat daar stromende water beskikbaar was om die reinigingswette mee te onderhou. Op die sabbat het Paulus en sy metgeselle na die gebedsplek toe gegaan en net vroue daar aangetref. Aan hierdie vroue bring hulle die evangelie. Lidia, 'n heidense vrou wat in God geglo het en reeds by die Jode aangesluit het, se hart word geopen sodat sy glo. Sy het aandagtig na Paulus geluister (vs. 14), haar geloof bely en is gedoop (vs. 15). Sy het die boodskap aan haar huisgesin oorgedra, sodat hulle gedoop word. Dit kan haar kinders wees, maar ook slawe en bediendes.

Haar geloof dra vrug (vs. 15). Sy dring aan dat Paulus in haar huis moet tuisgaan, al het hy verkies om onafhanklik te bly.
Lees nou vs. 16 – 18. Waar Christus se krag geopenbaar word, kom die kragte van die hel ook in beweging. In die vorm van die slavin. Paulus tree dus teen Satan op. Nog 'n rede vir sy optrede is dat die vrou verwarring gesaai het. Alhoewel sy propaganda vir die evangelie maak, neem sy dit nie self aan nie. Sy vestig daelank die stad se aandag op Paulus, sodat die mense begin dink dat die Christene ook van waarsêery gebruik maak. Paulus dryf die gees uit haar uit. Hierdie wonder het groot gevolge vir die vrou en haar eienaars gehad (vs. 19).

'n Slavin verlos van die duiwel (16 : 16 – 19)
Paulus en Silas het herhaalde kere na die bidplek van die Jode gegaan. Hier is geen blyke van vyandskap van die kant van die Jode nie. Dit is wel moontlik dat hulle nie lank genoeg hier gebly het om die argwaan van die Jode te wek nie. Een bepaalde sabbat kom hulle 'n slavin teë wat hulle nog nie voorheen ontmoet het nie. Sy het 'n gees wat "Piton" genoem is – die Grieks-mitologiese naam van 'n bepaalde draak. Later is die naam gebruik om 'n "waarsêende gees" aan te dui. In werklikheid is sy deur die duiwel gebruik om mense te mislei. Satan werk dikwels deur waarsêery – ook in ons tyd. As slavin het sy hierdeur vir haar eienaar en eienares baie geld verdien. Haar optrede laat 'n mens dink aan besetenes wat die Here Jesus teëgekom het (Markus 1:24).

Sy volg Paulus en sy metgeselle en skreeu hardop. Sy sê 'die waarheid' (Jak. 2:19) en tog is Satan se doel om deur haar die evangelie te dwarsboom (Mark. 1:34; Luk. 4:41). Die inwoners kon natuurlik die uitspraak: "God, die Allerhoogste" vertolk as hulle hoogste god – Jupiter of Zeus. Sy sê ook in die oorspronklike Grieks nie "die weg van verlossing" nie, maar " 'n weg van verlossing". Daarom is dit nie die waarheid nie – hoogstens 'n halwe waarheid – want die heidene glo in baie gode en weë van verlossing. Hierdie metode pas Satan vandag nog toe. Daarom moes Paulus optree. Hulle kon maklik deur die volk vereenselwig word met mense soos hierdie vrou – hulle praat sogenaamd dieselfde taal.

Paulus lê buitengewone geduld aan die dag – hy laat die slavin toe om "baie dae lank" agter hulle aan te loop en roep. Eindelik besef hy dat die saak van God teveel skade ly. Hy tree op teen die verstorende werking van die duiwel. Hier gaan dit nie in die eerste plek om die redding van die slavin nie, maar om die saak van God. Hy spreek nie die slavin aan nie, maar die bose gees (Mark. 1:25). Sy word immers deur die duiwel beheers (Joh. 13:27). Paulus tree nie in eie gesag op nie, maar in die Naam van Jesus Christus. Die oorwinning oor die duiwel vind in die openbaar plaas en dien tot 'n groot bevordering van die evangelie, ook omdat die slavin baie bekend was.

Merkwaardig hoe God in ons lewe werk. Laat dit dan ook toe.

INSPIRASIE VAN DIE HEILIGE SKRIF IN TWYFEL GETREK

Anita Zielman

Het jy al soms gewonder waarom daar vier evangelies nl. Matthéüs, Markus, Lukas en Johannes is? Het dit jou al opgeval dat daar baie ooreenstemming is in veral die eerste drie evangelies? Dan is daar ook selfs stukke wat die een evangelis uitlaat waar die ander evangelis ‘n hele hoofstuk aan spandeer. Kyk maar na die begin van Matthéüs en Lukas. Lukas bestee byna ‘n hele hoofstuk aan die aankondiging van Jesus se geboorte en die rol wat Johannes die Doper speel, in die tydperk voor Jesus se geboorte. Matthéüs begin met die geslagsregister en dan dadelik in Matt. 1:18 begin hy al skryf oor Jesus se geboorte.

Matthéüs noem eers later iets oor Johannes die Doper. Markus bestee byna geen aandag aan Jesus se geboorte nie. In sy eerste hoofstuk bestee hy agt verse aan Johannes die Doper (die wegbereider vir Jesus) en gaan dan dadelik oor na Jesus as volwasse man.

Dan is daar nog ‘n kwessie oor die volgorde waarin elke evangelis die evangelie weergee. Soos bv. waar Matthéüs eers in hoofstuk 3 oor Johannes die Doper skryf, begin Lukas direk met Johannes die Doper.
Bogenoemde sit mens aan die dink. Dit het ook moderne teoloë aan die dink gesit. In hulle poging om ‘n verklaring te bied aan bg. het hulle die volgende oor Matthéüs (en sy verband met die ander twee evangelies) geskryf:

Die wording van die boek
Die wording van Mattéüs is onlosmaaklik verbonde aan dié van Markus en Lukas. Daar is soveel ooreenstemming in woordgebruik tussen hierdie drie evangelies dat daar aanvaar word dat hulle op die een of ander manier van mekaar gebruik gemaak het. Die vraag is: Hoe? Die teorie wat vandag deur die meeste kenners van die Nuwe Testament aanvaar word, is die sogenaamde twee-bronne-teorie. Dit lui dat daar gewigtige redes bestaan dat Markus die eerste evangelie was en dus as bron vir Matthéüs en Lukas dien. Daar is verder materiaal wat Matthéüs en Lukas met mekaar deel wat nie by Markus voorkom nie. Daar moes dus behalwe Markus nog ‘n bron gewees het.
Aangehaal uit: *Bybellenium*

Volgens bg. is die bron ‘n onbekende bron wat nog nooit opgespoor is nie. Hierdie onbekende bron word bron Q genoem (afkorting vir die duitse woord “Quelle”, wat “bron” beteken). Dan is daar nog materiaal wat óf net by Matthéüs óf net by Lukas voorkom. Dit beteken dat Matthéüs en Lukas nog “eie stof” (ander bronne) gebruik het om hul evangelie saam te stel. Maar Matthéüs en Lukas het nie van mekaar se onderskeie skrifte gebruik gemaak nie.

“Die aanvaarding van die twee-bronne-teorie het verreikende implikasie vir die wording en die verstaan van Matthéüs. Wat die wording betref, hou dit in dat Matthéüs nie van nuuts af ‘n verhaal geskryf het nie, maar by bestaande verhale aansluiting gevind het waarvan die oorsprong tot by die Jesus gebeure self teruggevoer kan word. In sekere sin kan ons dus sê dat Matthéüs die neerslag is van dekades se oorvertelde verhale. Dit beteken egter nie dat Matthéüs die verhale gedagteloos oorgeskryf het nie. Inteendeel, hy was ‘n skrywer in eie reg. Deur Matthéüs met sy bronne, Markus en Q, te vergelyk, kan ons juis vasstel watter eie aksente Matthéüs gelê het.
En wanneer dit verder verryk word met insigte uit die ontleding van Matthéüs as ’n volledige verhaal, kan ons baie wys word oor hoe Matthéüs verstaan moet word. In die loop van die uitleg van Matthéüs sal hierdie insigte dikwels aan die orde kom.”
Aangehaal uit: *Bybellenium*

Verontagsaming van die werk van die Heilige Gees.
Die gedeelte wat ek aangehaal het uit die Bybellenium is sonder twyfel ketterye. Ons leer dat die Bybel geskryf is deur persone wat geïnspireer is deur die Heilige Gees. Alles wat die skrywer skryf is presies soos die Here dit wil hê. Die Bybel is dié betroubare Woord van God en het daarom ook gesag. Die evangelies is ‘n beskrywing van die werklikheid. Dit moet gerespekteer word as die getuienis van die koms van Jesus Christus, Christus se lewe op aarde en wat Hy vir ons gedoen het. Dit is vir ons so neergeskryf dat ons kan leer hoe ons Christus moet dien en eer. Die Bybel is die padkaart vir ‘n Christen.

Met die verduideliking van die *Bybellenium* oor die ontstaan van die evangelies, word die padkaart dadelik ‘n groot verwarrende deurmekaarspul. Hoe kan iemand nog ontsag hê vir die Skrif as daar verduidelik word dat evangeliste by mekaar afgeskryf het? Wat word dan verstaan onder die inspirasie van die Heilige Gees? Die evangeliste was elk ‘n oog- en oorgetuie van wat met Christus gebeur het. Deur te sê dat die evangeliste bymekaar

afgeskryf het, word laasgenoemde feit glad nie aanvaar nie. Ja, die hele Heilige inspirasie word weggegooi! Die hele probleem is dat elke mens die *Bybellenium* kan koop. Dan word daar ook boeke geskryf oor "moderne" sienings op die Bybel. Die boeke word geskryf deur hoë professore.

Mense aanvaar die boeke se verduideliking as die alfa en die omega. Inderwaarheid vier die rasionale denke van die mens hooggety oor die Woord van God! Maar, hoe kyk ons na die drie evangelies? Om die ooreekomste en verskille in die drie evangelies te verstaan moet ons eers kyk na elke evangelis as skrywer in eie reg.

Evangeliste – skrywers in eie reg
Voordat jy verder lees. Doen jouself 'n guns en vergelyk 'n koerantberig van een koerant met dieselfde berig uit 'n ander koerant. Albei die berigte handel oor dieselfde gebeurtenis. Aanhalings is dieselfde, maar kom nie noodwendig in dieselfde volgorde voor nie en is nie noodwendig identies nie. Tog gaan jy nie die berigte verwerp a.g.v. die uniekheid van elkeen nie. So kan ons ook kyk na veral die eerste drie evangelies.

Dit is opvallend dat die gebeure rondom en tydens Jesus se sterwe baie aandag kry in al vier evangelies. Dié gebeure word deur elke evangelis baie akkuraat, met baie detail beskryf. Die vier evangelies stem dan ook baie ooreen in dié geval. Dit wys vir ons watter belangrike gebeurtenis Christus se sterwe was. Ook is die aanhaling van Jesus se woorde dieselfde maar tog nie identies nie. Elke skrywer het 'n ander skryfstyl, agtergrond en publiek gehad.

Matthéüs: Hy het netjies en georden geskryf. Hy het feitlik 'n komposisie gemaak van sy skryfwerk. By hom kan ons 'n duidelike lyn sien van gebeure en leringe. Hy skryf vir die Jode in Grieks.

Lukas: Om mee te begin was Lukas 'n medikus, dus 'n geleerde man. Dit word duidelik weerspieël in sy skryfstyl, dit wat hy skryf word ook a.g.v. sy beroep hoog op gevat. Sy inligting wat hy weergee is meer histories van aard. Hy was 'n reisgenoot van Paulus en het dus direkte toegang tot kennis van oog- en oorgetuies. Lukas skryf vir die gewone publiek en daarom vertel hy ook meer. Hy skryf in goeie Grieks.

Markus: Hy het basies opgetree as die "mond" van Petrus. Petrus het die Joodse volk onderrig en Markus het dit neergeskryf, nie meer of minder nie. So wou hy die onderwysing van die apostel goed bewaar. Markus skryf daarom kort, sonder orde, kras en gebruik rowwe Grieks.

Johannes: Sy evangelie lyk heeltemal anders as die ander drie. Hy het meer intieme gesprekke. Hy skryf in 'n ander tydperk (later). Hy dink dus anders, daar is ander behoeftes. Hy skryf ook uit die oogpunt van sy dissipelskap.

Gevolgtrekking
Die mens neig al hoe meer na postmodernistiese denke. Ons sien dit ooral, selfs in hooggeleerde teoloë se verduideliking van die Skrif. Sommige verduidelikings kan so goed klink maar tog so verkeerd wees. Daarom, wees waaksaam vir dit wat om jou gebeur en gesê word. Ons het die Bybel as vasstaande betroubare Woord van God ontvang en daarop mag ons bly vertrou en glo. Die vier evangelies is dan ook 'n wedersydse bevestiging van Jesus se lewe op aarde.

Ek sluit af met die woorde van Markus 13:10-11:
"*En die evangelie moet eers aan al die nasies verkondig word. En wanneer hulle jul weglei om julle oor te lewer, moenie julle vooraf kwel oor wat julle sal spreek nie, en moenie daaroor dink nie; maar wat julle in dié uur gegee word, dit moet julle spreek; want dit is nie julle wat spreek nie, maar die Heilige Gees*".

Bron: Van Bruggen, Dr. J. *Christus op aarde*.

BYBELSTUDIE

Annamarie Eefting

U woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad (Psalm 119:105).

Ruim ons vandag nog genoeg tyd in ons besige lewens in vir bybelstudie? Ons weet mos waarin ons glo, en ons woon gereeld die eredienste by, so wat is die doel van bybelstudie nou eintlik?

Deur die Bybel kan jy Jesus Christus leer ken as jou Verlosser en Leermeester. Hy wil jou lewe deur die geloof en die krag van die Heilige Gees verander na Sy beeld. Jy kan die Bybel vergelyk met 'n brief – 'n brief van God gerig aan die wêreld, en jou en my persoonlik. Daarom is die Bybel 'n kosbare boek. Dis die Woord van God, waarin God Homself laat sien.

Dele van die Bybel is duidelik en maklik om te verstaan. Ander dele is weer moeiliker. Martin Luther het tereg gesê dat die Heilige Gees die

grootste Uitlegger van die Skrif is. As jy gereed en getrou die Bybel lees sal Hy jou help om dit te verstaan. Bybellees en –studie moet ook met gebed en oordenking gepaard gaan. So voer jy 'n "gesprek" met God. So bid die psalmdigter: *Maak my oë oop sodat ek die kragtige werking van U wet ervaar* (Psalm 119:18).

As jy op jou eie bybelstudie doen is die kans groot dat jy dit haastig doen of soms dit selfs sal oorslaan. Sit daarom vir jou 'n spesifieke tyd opsy vir jou stiltetyd. Gebruik ook hulpmiddels soos verklarings en kommentare om moeiliker gedeeltes in perspektief te bring. Hier is 'n paar vrae wat jy jouself onder andere kan afvra:

- Wat sê God in die gedeelte vir die mense van daardie tyd, en hoe kan jy dit vandag op jou lewe toepas?
- Watter teksverwysings kan jy gebruik om die gedeelte beter te verstaan?
- Wat in die gedeelte verstaan jy nie?
- Hoe word jou geloofslewe hierdeur beïnvloed?
- Wat in hierdie gedeelte kan jy gebruik vir jou gebed?

Om in 'n groep bybelstudie te doen hou voordele bo persoonlike bybelstudie in. (Nie dat groepsbesprekings persoonlike bybelstudie behoort te vervang nie.) Jy leer om saam met ander te groei in die geloof en in die kennis van God se Woord. Vir een persoon kan 'n bybelgedeelte bekend wees, terwyl 'n ander tydens die bespreking meer insig kry. Jy leer by ander, en ander by jou. Jy word ook gestimuleer tot reëlmatige bybelstudie. In groepe leer jy om jou persoonlike geloof te verwoord. Daarom is dit beter as die groep nie te groot is nie – dit kan veroorsaak dat sommiges stil raak. So word jy ook "getoets". Dit kan wees dat jou idees nie heeltemal volgens die Bybel korrek is nie. Ander kan jou daaroor aanspreek, sodat jy leer om jouself krities te bekyk.

Bybelstudie het natuurlik geen nut as dit nie jou lewenswandel verander nie. Dit help nie dat jy ure met die Bybel deurbring en nie doen wat die Here vir jou sê nie. Jy leef dan nie volgens sy wil nie. *Word daders van die Woord, en nie net hoorders wat julleself bedrieg nie* (Jakobus 1:22). Die Woord moet jou lewenstyl word. Dit is die ware vryheid: om te lewe soos God van ons vra.

DIE DOEL VAN VERENIGINGSWERK

Willemien Kleyn

Ons staan nou weereens aan die begin van 'n nuwe verenigingsjaar. Dit is 'n goeie tyd om te besin oor hoekom ons eintlik vereniging toe gaan en wat ons daar doen. As mens 'n huis wil bou kyk jy eers na die planne voordat jy begin bou. Net so moet ons eers weet wat die doel van verenigingswerk is. Anders sal ons, so te sê, rondtas in die donker en nie werklik ons middele ten volle kan benut nie. Laat ons dus kyk na watter riglyne die Skrif vir ons kan gee mbt verenigingswerk.
Die uiteindelike doel vir verenigingswerk sou mens kon opsom soos volg: *Om God se Woord te bestudeer en so God al hoe beter te leer ken en liefhê.*

God se Woord staan sentraal in ons verenigingswerk. Dit is wat ons moet bestudeer. In vereniging wil ons saam teruggaan na die Skrif om daardeur te leer wie God is en so vir Hom te leer liefhê. Om God lief te hê beteken ook om Hom te dien. Ons wil ons hele lewe aan Hom wy uit dankbaarheid vir wat Hy vir ons gedoen het.

As mens die doel van verenigingswerk bietjie wil uitbrei kan mens onderskeid maak tussen kennis, belewings en sosiale doelwitte. Alhoewel ons hierdie drie groepe doelwitte van mekaar onderskei gaan hulle hand aan hand en kan mens hulle nie van mekaar skei nie. Kennis op sy eie is nie genoeg nie. Ons moet ook ons kennis in praktyk bring deur belewings en sosiale doelwitte. Jakobus waarsku mos dat geloof sonder werke dood is (Jak 2:14-26). Aan die ander kant waarsku die Bybel ook teen ywer (belewing) sonder kennis (Spr 19:2). Al drie groepe doelwitte is dus ewe belangrik.

Kennis Doelwitte
In Psalm 78 sê Asaf dat dit uiters belangrik is dat God se Woord bekend gemaak word sodat:

- Mense dit kan ken (vers 6a);
- Dit verder vertel kan word (vers 6b);
- Mense hul vertroue op God kan stel (vers 7a);
- God se dade nie vergeet sal word nie (vers 7b); en
- God se gebooie bewaar sal word (vers 7c).

God het sy Woord aan ons gegee sodat ons Hom daardeur kan leer ken. Ons mag hierdie kennis ook nie vir onsself hou nie, maar moet dit verder vertel. In sy Woord openbaar God Homself as die God van die verbond. Die God wat getrou bly en vir sy volk bly versorg. Sy dade getuig van sy liefde en trou. Ons kan ons vertroue op Hom stel, want Hy bly getrou.

In die Woord leer ons ook hoe ons vir God moet dien. God het ons sy gebooie gegee sodat ons dié kan hou. Dit is hoe Hy gedien wil word. Dit is nie altyd maklik om presies te weet wat ons in elke situasie moet doen nie. Daarvoor is onderskeidingsvermoë nodig (Fil 1:9-11). Daar is baie valse profete wat ons kan verlei, maar ons moet altyd terug gaan na die Skrif en hulle teen die Skrif toets (1 Joh 4:1). Dit is dus uiters belangrik dat ons die Bybel grondig bestudeer en leer ken.

Belewings Doelwitte

Soos vroeër genoem is is kennis alleen nie genoeg nie. Ons moet die kennis ons eie maak en vaardig daarmee kan omgaan. Die mens is geskep met emosie. Ons moet ons gevoelens, oortuigings, belewings, ervaring en waardes ook aan God wy.
In die eerste plek moet ons vir God leer liefhê en sy Woord aanvaar. God het in ons doop na ons gekom met ryke beloftes. Hy het belowe om ons Vader te wees, ons te was en reinig deur Christus se bloed, in ons te woon en ons tot lewende lidmate te maak. Ons moet leer om hierdie liefde van God ook met ons liefde te beantwoord.

Hierdie liefde hou in dat ons vir God wil dien. Soos ons reeds gesien het, leer God vir ons in sy Woord hoe Hy gedien wil word. By vereniging kan ons mekaar aanmoedig en prakties toerus om God te dien. Ons moet God se Woord gebruik om mekaar te leer, weerlê, teregwys, en onderwys (2 Tim 3:16). Op die manier sal ons volkome toegerus word "vir elke goeie werk" (2 Tim 3:17).

As Christene is ons geroep tot 'n stryd. Dit is nie 'n stryd teen vlees en bloed nie, maar 'n stryd teen Satan en sy volgelinge (Ef 6:12). Ons moet toegerus word vir hierdie stryd. Ons moet ons wapenrusting opneem (Ef 6:10-20; sien prentjie). By vereniging kan ons mekaar hiermee help. Om dit prakties te stel, leer ons, onder andere, om die Bybel te lees en bestudeer (die gordel om te sit), en om oor ons geloof te kan praat (die skoene aan te sit).

❖ *Besin oor maniere waarop ons by vereniging mekaar kan help om die wapenrusting op te neem.*



Sosiale Doelwitte

As vereniging is ons 'n groep jong mense saam. Dit beteken ons kan ook prakties leer hoe om met mekaar om te gaan. Ons is almal deel van die gemeenskap van die heiliges. By vereniging kan ons dit ook beoefen. Ons moet leer om mekaar op te bou. In vraag en antwoord 55 van die Heidelbergse Kategismus lees ons soos volg: *"Wat verstaan jy onder die gemeenskap van die heiliges?*
Ten eerste dat die gelowiges, almal saam en elkeen afsonderlik, as lede met die Here Jesus gemeenskap en aan al sy skatte en gawes deel het.
Ten tweede dat elkeen verplig is om sy gawes gewillig en met vreugde tot nut en saligheid van die ander lede aan te wend."
Met ander woorde is ons bevoorreg om deel te mag wees van die gemeenskap van die heiliges en moet ons dus ons gawes gebruik vir die opbouing van ons medegelowiges (en verenigingslidmate).

❖ *Lees 1 Korinthiërs 12:12-27; Efésiërs 4:1-16 en Filippense 2:1-18. Identifiseer maniere waarop ons die gemeenskap van die heiliges moet beoefen (ook in verenigingswerk).*

Om saam bybelstudie te doen kan ook lekker wees. Ons mag dit geniet. Dit motiveer ons om al hoe meer God se Woord te wil bestudeer en prakties toe te pas.

Doelgerigte Verenigingswerk

Ons het nou gesien dat verenigingswerk nie doelloos is nie. Inteendeel! Verenigingswerk behoort doelgerig te wees. Ons het 'n spesifieke taak by vereniging. Ons moet meer oor God leer deur om sy Woord te bestudeer. Ons moet kennis verwerf. Ons moet ook leer om die kennis in praktyk te bring en ons moet mekaar opbou as gemeenskap der heiliges. Dit is groot take. Dit is take wat ons nie sommer kan vervul nie. Laat ons saam bid dat God ons die krag sal verleen om hierdie jaar te strewe om hierdie doelwitte te kan bereik. Sonder Hom sal ons dit nooit kan doen nie. Met Hom is alles moontlik!

Verdere leesstof

- Lees die tekste wat genoem is
- "Hoe Maak ek 'n Inleiding" deur A.T. Kamsteeg in Geloofsekerheid: Kwartaal 1 en 2 – 1999.
- "Persoonlike Bybelstudie" deur ds H.J.C.C.J. Wilschut in Geloofsekerheid: Kwartaal 1 en 2 – 1999.
- Werken in het Verbond: Handleiding ten dienste van leid(st)ers en ouderbesturen. Party van die hoofstukke is vertaal en gepubliseer in die Olielamp in 2001.
- Bijbelstudie in de Gemeente. deur Drs. H.J. Boiten e.a.
- Steunpunten: een spesiaal nummer van het CJB.
- Zonder Omweg: een spesiaal nummer van het CJB.

CARPE DIEM…

Tanya de Vente

Dink jy ook dis "flauwe kul"? Of is jy een van die wat nogal positief staan teenoor nuwejaars-voornemens? Glo jy ook "ek hou my tog nie daaraan so, waarom dan…?". Om 'n sinvolle, interessante en tergelykertyd boeiende, artikel oor nuwejaars-voornemens te skryf is soos om 'n nuwejaars-voorneme te maak om in 2002 vir 'n daguitstappie maan toe te gaan…Amper onmoontlik!

Ek is een van daardie mense wat Huletts suikersakkies versamel en my favourite suikersakkie is die een wat sê: "Life is what happens when we make other plans"…Soveel van ons maak planne…ek gaan 3 onderskeidings einde matriek hê…ek gaan my graad met lof klaarmaak…ek gaan trou…ek gaan oorsee… Maar hoeveel van ons het ook al geleer dat alles in die lewe verloop nie soos jy dit altyd wil hê nie.

Om uit te vind of daar nuwejaarsvoornemens gemaak word en hoe ons jeug daaroor voel was 'n taai tameletjie. Ek het 'n blits meningsopname onder die jeug gemaak waarop ek uiteenlopende reaksies opgemerk het. Na aanleiding van die blitsopname het ek 'n effens siniese houding teenoor nuwejaarsvoornemens opgemerk Slegs 21% beweer dat hulle nuwejaarsvoornemens maak!
Een van die vrae wat ek gevra het was: Hoe voel jy oor nuwejaarsvoornemens? Hier is 'n paar diep antwoorde…

Dit is 'n mislukking, wêrelds…Iets wat almal maak en nooit hou nie…Manier van mensdom om nut te soek uit nuwejaar…Dit werk nooit uit nie…Dis goed, want dan weet jy wat jy wil hê…Die nuwe jaar hou baie onsekerhede in, deur nuwejaarsvoornemens probeer mense sin en orde van die nuwe jaar maak…Dis interessant…

Meeste het gereageer met die stelling dat voornemens nie slegs op oujaarsaand/nuwejaarsdag nie, maar dwarsdeur die jaar gemaak moet word. Hierop het ek gevra of hulle hul aan die voornemens hou… Ek probeer…Nooit!…Partykeer… Doelwitte word gestel om bereik te word…Ek weet nie, as ek begin voornemens maak sal ek kan agterkom (?!)…

Ek moes dus tot die gevolgtrekking kom dat die jeug van die Vrye Gereformeerde Kerke: Pretoria en Maranata oor die algemeen nie eers daaraan dink om nuwejaarsvoornemens te maak nie!

Maar is dit werklik ook nodig om elke jaar nuwejaarsvoornemens te maak? Moet ons elke jaar vir ons self 'n lysie van "dinge om te doen" opstel? Ek dink dit is 'n vraag wat elkeen vir homself kan beantwoord, maar ek stem saam met persone x wat gesê het dat jy die hele jaar deur en dwarsdeur jou lewe moet voornemens maak. Ook moet ons besef dat ons dit nie alleen kan doen nie. Ons moet God daarin ken. Iemand het eendag gevra: hoekom is dit so dat as ons verdwaal dat ons 'n volslae vreemdeling sal nader vir aanwysings, maar ons huiwer om God te nader as ons rigting en leiding in ons lewe benodig…Jakobus 4 :13-15 oor die onsekerheid van menselike planne…"Kom nou julle wat sê: Vandag of more sal ons na die en die stad gaan en daar een jaar deurbring en handle drywe en wins maak --- julle wat nie eens weet wat more sal gebeur nie. Want hoedanig is julle lewe? Dit is tog maar 'n damp wat vir 'n kort tydjie verskyn en daarna verdwyn. In plaas dat julle sê: As die Here wil en ons lewe, dan sal ons dit of dat doen. Hier sien ons duidelik dat ons God in ons planne moet ken.

Die jaar 2002 lê soos 'n spannende boek voor jou … Maak dit 'n unieke jaar vir jou self en almal rondom jou. Kyk met ander oë na die lewe. Kyk hoe positief ingesteld kan jy wees, hoeveel mense jy positief kan be¿nvloed. Deel geskenke van woorde uit, dit neem 'n oomblik en hou 'n leeftyd…Plaas 'n kaartjie langs jou klok wat jou sal herinner om nie elke minuut te tel nie, maar om elke minuut te maak tel. Lag – 'n dag sonder lag is 'n verlore dag, Hou die sweedse spreekwoord voor oë wat sê: Vrees minder, hoop meer, eet minder, kou meer, neul minder, haal meer asem, praat minder, sê meer, haat minder, hê meer lief – en alle goeie dinge is joune. Ek het 'n vriendin wat my gereeld daaraan herinner dat die lewe soos 'n nickerball is: hard maar lekker! Dien God in alles wat jy doen en jou voorneem om te doen. Lewe voluit soos 'n dankbare kind van Hom.

Graag sluit ek af met 'n stukkie wat ek verlede jaar in die "Sarie" tydskrif gelees het, die stukkie het vir my persoonlik baie deur die jaar beteken.

… Ek maak hierdie jaar skoon van bitterheid, vrees, haat en jaloesie
Deel dit op in seisoene van hoop, uithouvermoë, moed en eerlikheid
Gebruik aanvaarding om die jaar te deel in maande van liefde, vreugde,

Vrede, geduld, goeie dade, getrouheid, sagte, vriendelikheid, blydskap,
Dankbaarheid, nederigheid en selfbeheersing
Ek sprinkel daaroor die speserye van
'n Sin vir humor, 'n positiewe gesindheid, gesonde verstand en eenvoud –
En as ek dit voorsit,
Sal ek dit bedien met onselfsugtigheid, in stilte
Terwyl die lig van Sy teenwoordigheid my herinner wie ek eintlik is…

Mag die jaar 2002 net die beste vir die jeug van God se kerk inhou. Mag ons mekaar opbou in geloof en God prys in alles wat ons doen.

KINDERS VAN GOD IN AFRIKA

Cora Visser

Terugskouend op die kongrestema, "Kinders van God in Afrika" kom die vraag onmiddelik op of dit dan anders is om 'n kind van God in spesifiek Afrika te wees. Vereis God nie maar dieselfde gehoorsaamheid van sy kinders hier in Suid-Afrika as in die res van die wêreld nie?

God se kinders lewe inderdaad oral in die wêreld 'n lewe van dankbaarheid vir die verlossing wat Jesus Christus vir ons gebring het. Die verskil lê nietemin daarin dat alhoewel christene in verskillende wêrelddele dieselfde belydenis deel, hulle nietemin met verskillende realiteite, eie aan hulle onderskeie omgewings gekonfronteer word.

Tydens die kongres het ons stilgestaan by spesifieke sake waarmee ons hier in Suid-Afrika gekonfronteer word, ten einde antwoorde te vind oor wat ons taak as kinders van God hier in Afrika is.

Wat is die mens?
Om oor kindskap van God te praat is dit eerstens belangrik om te besin oor ménswees. Dié referaat is deur dr. Michiel Durand gelewer.

Daar is besin oor verskeie sekulêre antwoorde op die vraag: wat onderskei 'n mens van 'n dier? Kreatiwiteit, intelligensie of die vermoë om werktuie te gebruik word dikwels as die onderskeidende kenmerke van menswees beskou. Hierdie siening hou egter nie rekening met die kreatiwiteit waarmee 'n swaeltjie byvoorbeeld sy nessie bou, die mate van intelligensie by diere soos bobbejane, olifante of papegaaie of selfs die vermoë van 'n dier soos 'n bewer om 'n klip as 'n eenvoudige werktuig te gebruik nie. Aan die ander kant ignoreer dit weer die feit dat baie mense nie kreatief of intelligent of selfs in staat is om werktuie te gebruik nie.

Die Bybel leer ons in Genesis dat die mens:

- na God se beeld geskape is;
- oor die skepping aangestel is;
- liggaam en siel is; en
- as man en vrou geskape is.

Die volmaakte balans wat God egter met die skepping daargestel het, is deur die sondeval versteur. Daarom verstaan ander gelowe soos die die Hindoeïsme nie die belang van liggaam sowel as siel nie en word dikwels geglo dat die liggaam gelouter en afgeskeep moet word om heilig te kan wees.

Aan die ander kant word 'n oorbeklemtoning van die liggaam en die mens se "vryheid" om self oor daardie liggaam te besluit, weer by voorstaanders van aborsie aangetref. Die Bybelse siening skep egter 'n balans tussen enersyds die liggaam as 'n tempel van God (1 Kor. 3:16) en andersyds die onsterflike siel waarmee God reeds voor ons geboorte bemoeienis gemaak het (Ps. 139:13).

Ons leer daarom ook in die Heidelbergse Kategismes dat ons enigste troos in lewe en sterwe is dat ons in lewe en in sterwe nie aan onsself nie maar aan Jesus Christus behoort omdat Hy ons met sy kosbare bloed uit die mag van die sonde vrygekoop het. Juis daarom wil ons as mensekinders 'n lewe van dankbaarheid tot sy eer leef.

Maar hoe leer ons die wil van God ken? Natuurlik uit sy Woord. Juis daarom staan die Bybel as God se Woord so sentraal in gereformeerde christene se lewens en is die wyse waarop met die Woord omgegaan word vir ons van allergrootste belang.

Waarom gebruik ons die ou vertaling?
Mendel Retief het 'n referaat gelewer oor die vraag waarom die 1983-Afrikaanse vertaling van die Bybel nie in die Vrye Gereformeerde Kerke gebruik word nie. Die 1983-vertaling is ondersoek aan die hand van twee spesifieke sake, naamlik die vertaalmetode en die gebruikte grondteks.

Die dinamies ekwivalente metode van vertaling wat gebruik is, is 'n vryer metode wat meer ruimte laat vir die vertaler se eie teologiese uitgangspunte by die vertaling van die grondteks. So is byvoorbeeld as uitgangspunt aanvaar dat die Messiaanse psalms nie noodwendig na Jesus verwys het nie. Om daardie rede is byvoorbeeld Psalm 110:1 (*die Here het vir my Here gesê, kom sit aan My regterhand*), so vertaal dat dat dit moet lyk of Dawid bloot na enige koning van sy eie tyd verwys. Dit is ten spyte van die feit dat Jesus sélf in Matt. 22:44, Mark. 12:36 en Luk 20:42-43 aan die Skrifgeleerdes uitwys dat Dawid nie na 'n gewone mens verwys nie maar na die Seun van God! In hierdie opsig het die teologie van die vertalers waarskynlik vir hulle swaarder geweeg as Jesus se eie uitleg van Ps. 110:1.

Hoewel die Ou Testament uit dieselfde grondteks vertaal is as die 1953-vertaling, is die Nuwe Testament in 1983 uit die die grondteksте wat bekend staan as die Scriptus Sianiticus en die Scriptus Vaticanus, vertaal. Die keuse van die laasgenoemde twee tekste bo die sogenaamde meerderheidsteks wat in die 1953 vertaling gebruik is, is die resultaat van 'n teorie wat beweer dat die meerderheidsteks, alhoewel dit ooreenstem met sowat 95% van die 5000 manuskripte wat in verskeie dele van Europa, Noord-Afrika en Asië gevind is, nié die akkuraatste teks is nie aangesien daar aanvaar behoort te word dat die mees korrekte teks waarskynlik die manuskrip is wat die oudste en kortste is. Sodoende ontbreek 40 teksverse in geheel en meer as 300 gedeeltelik in hierdie grondtekste.

Dit is belangrik om te let op die verskil in uitgangspunte wat gegeld het met die 1983-vertaling sodat besef kan word dat alhoewel die bedoeling dalk eerlik was om 'n meer verstaanbare vertaling van Gods Woord daar te stel, die vertrekpunte van die vertalers dit vir ons moeilik maak om hierdie vertaling te gebruik. Dit is in die verband interessant om daarop te let dat vandag, 19 jaar na die eerste verskyning van die nuwe Afrikaanse vertaling, een derde van alle nuwe Bybelverkope stééds die 1953- vertaling is.

Die musiek waarna ons luister

Wanneer ons kinders van God word, word nie alleen ons denke vernuwe nie maar ook ons emosies. Musiek as 'n hulpmiddel om uiting te gee aan ons emosies is dus ook belangrik in ons geloofslewe. Ds. Dirk-Mauritz Boersma het 'n referaat oor musiek en meer spesifiek gospelmusiek gelewer.

Wanneer ons gospelmusiek beoordeel kan ons enkele riglyne gebruik om daardie musiek te beoordeel, naamlik:

- Is die liriek in ooreenstemming met die Skrif?
- Komplimenteer die musiek die boodskap van die lied?
- Berig die musiek een of ander Skrifgedeelte?
- Lei die musiek na Christus?

Indien bogenoemde vrae bevestigend geantwoord kan word, kan ons met vrymoedigheid na die musiek luister. Dit is egter belangrik dat ons nie net krities is oor die gospelmusiek waarna ons luister maar dat ons veral ook moet let op ons ander musiek. Vra gerus telkens vir jouself af of die musiek waarna jy luister 'n getuienis uitdra wat strook met 'n lewe wat deur Christus vernuwe is!

Godsdienste van Afrika

As kinders van God in Afrika is die sendingopdrag van Jesus, om dissipels van alle nasies te maak, vandag nog net so belangrik. Ds. Rob Visser se referaat oor Afrikagodsdienste het die lig gewerp op die godsdienstige praktyke wat in huishoudings so naby aan ons as Mamelodi en Soshanguve beoefen word.

Aspekte van Afrika-kultuur en godsdienste wat bekyk is, sluit in huweliksgebruike en poligamie; voorouerlike verering, "tradisionele genesing" en towery; tydsbeskouinge en selfs ekonomiese beskouinge.

Die belangrike vir ons is dat die boodskap van die Evangelie duidelik gestel moet word sodat nuwe bekeerlinge werklik breek met heidense en okkultiese praktyke. As voorbeeld hiervan vind ons in Hand. 19 'n beskrywing van hoe nuwe christene, nadat hulle tot bekering gekom het, geheel en al gebreek het met towery en wiggelary en hulle waardevolle handleidings in die openbaar verbrand het.

'n Belangrike aspek van die ondersoek na Afrikagodsdienste is dat dit geensins aan westerlinge rede kan bied om meerderwaardig te voel nie. Was dit nie vir die Here se genade nie, sou daar nie in 600nC sendingwerk in Wes-Europa plaasgevind het wat tot die bekering van ons voorouers gelei het nie. Interessant genoeg was voorouerlike aanbidding ook teenwoordig onder Europese volke voordat hulle gekersten is. So het Koning Radbout enkele oomblikke voordat hy gedoop sou word, besluit om nie die christelike geloof aan te neem nie omdat hy 'n lewe met sy voorvaders verkies het bo 'n lewe met Christus!

Samevatting

Samevattend kan ons aanvaar dat christenskap in Afrika, en meer spesifiek in Suid-Afrika, bepaald unieke uitdagings behels waarvan 'n mens maar deeglik bewus moet wees. Die riglyne vir 'n christelike lewe soos ons dit in die Woord ontvang bly egter dieselfde, maak nie saak waar ons ons bevind nie.

DROME IN 'N BOTTEL – PENELOPE J. STOKES

Wilma Lubbinge

Kersdag 1929 – Vier jong meisies staan op die solder van 'n huis. Elkeen het haar drome vir die lewe neergeskryf:

- Letitia wil met haar skoolliefde trou en baie kinders hê.
- Mary Love wil 'n beroemde kunstenaar word.
- Ryk Eleanor streef daarna om as maatskaplike werker mense in nood te help.
- Adora, dominee se dogter, wil 'n Hollywood-ster word.



Die stukkies papier word in 'n bottel gesit en veilig tussen die dakbalke weggesteek... Hier staan die bottel vir 65 jaar, tot 'n joernalis dit ontdek toe sy die sloping van die geskiedkundige huis dek. So begin Bredan se soektog na die vier vroue, om hulle lewensverhale te hoor. Want sy weet dit is meer as net nog 'n gewone storie wat sy vir die nasie moet opdis. Haar lewe is vir haar sinloos en sonder rigting, met geen werksbevrediging nie en 'n siniese houding teen die lewe. Sy dra 'n las van haar kinderdae af en blameer God daarvoor. Sy moet ook haar eie lotsbestemming kry. Die soektog na die vroue en hulle lewensverloop word 'n kruistog vir Bredan waar sy ook haar Saligmaker ontmoet.

Die gevoelvolle boek is meer as net 'n gewone roman. Dit is 'n boek wat jou laat nadink oor jou eie lewe, jou eie toekoms en ook jou eie verlede.
Wat is ons houding tot die lewe? Sien ons dit as 'n wonderlike voorreg of leef ons nou maar net omdat ons lewe?
Wat is ons toekomsplanne? Neem ons God in ag in wat Hy van ons wil hê?
Wat van jou verlede? Is daar dinge wat reggestel moet word? Dinge wat vergewe moet word? Of is daar nog wonde wat heling nodig het?

Ons leef almal net een keer. Leef ons tot eer van God? Die boek is uit 'n Christelike oogpunt geskryf en kan jou help om sekere probleme vierkantig in die oë te kyk en moontlik antwoorde te kry.

VUUR OP DIE HORISON – ENGELA VAN ROOYEN

Ons ken nie 'n oorlog nie. Ons het nog nooit die wapen opgeneem teen die vyand nie. Tog het ons land, net soos enige ander land, 'n geskiedenis van oorlog, afgewissel met vrede.

Vuur op die horison, plaas jou vierkantig tussen die geweld, lyding en waagmoed. Geskiedenis van 100 jaar terug ontvou lewendig voor die leser, en hou jou vas.
In die eerste paar hoofstukke word die plaaslewe van die gesin van Soois Viljoen en van boere oor die algemeen geskets. Ingewikkelde familie verwikkelinge en verbande help met die skep van 'n interessante storielyn. Dan word daar opgebou na die oorlog. En tussendeur word die leser teruggeneem na die verlede in Kaap die Goeie Hoop en dan weer na Engeland waar Lord Henry Dalmain se herinneringe onlosmaaklik vervleg is met dié van Afrika.
Dis 'n storie met so baie dimensies dat dit amper te veel is om in te neem en te verwerk. Maar jy wil nie hê dat die laaste bladsy moet kom nie, want die verhaal is lewensgetrou en mens raak betrokke by die lief en leed van die karakters.

Hy lig dit aan die punt van sy sabel op, druk dit byna in haar gesig: "No Boors in the house, did you say?"



"This is my husband's. He was caught at Paardeberg and sent to India, six months ago."
"Without his hat? What sort of a Boor is he?"
"This is his old one. Please leave it, I let my children smell it when they cry for their father."
Bladsy 525 – Boerehuis word deur Engelse deursoek.

Die boek is geensins 'n Christelike boek nie. Die skryfster skep dan ook die karakters soos sy dit wil hê en moenie gesien word as 'n meetsnoer vir die deursnee lewe

van die burgers van die jare nie. Sekere aspekte van menswees word ook, myns insiens, te veel beklem. Maar laat mens weer met nuwe oë na die voorgeslagte en huidige geslagte kyk. Ons is almal sondige mense en as die mens sonder Christus wil leef, ervaar hy net sonde en seer. Die pyn, hartseer, verwerping, haat, jaloesie ens. is dan ook net die resultaat daarvan.

Tog gryp die boek mens aan in die lewensgetrouheid en deernis waarmee dit geskryf word. As leser word jy gekonfronteer met die konsentrasie kampe, die hardheid van die oorlog en die Engelse soldate wat sinloos op ons land se vlaktes sterf.

Kan die het erger word? Gister was hulle heeldag in oop kooltrokke op bar stasies uitgelewer aan 'n bloedige son wat die boeliebief in die onpraktiese groot blikke laat sputter het. Hulle kom pas vanuit die knus Engelse kaggel winters.
Ergste van alles het 'n klomp van hulle in die donkerte ure lank verdwaal. Geen vuurhoutjie, geen sigaret. Hulle is deur joiners verseker dat die Boere nie op 'n Sondag sal veg nie. En nou die fluitende koeëls, die barstende bomme, die makkers wat neerstort.
Bladsy 394 – Slag by Stormberg

Albei boeke is in boekwinkels en biblioteke beskikbaar.

Sosiaal

DEUR DIE SLEUTELGAT

Wel, mense, so kom ons aan die begin van nog 'n jaar. 'n Jaar waarin julle getroue sleutelgatkoekeloerder onderneem om elke moontlike prop koerantpapier, wondergom of bol drie-weke-oue *chappies* uit elke Kaapse sleutelgat te grou en aan julle die gebeure agter geslote deure weer te gee. Soos altyd, so waarheidsgetrou as moontlik.

Ons moes natuurlik afskeid neem van ons Kaaps-geworde broeder Theo de Vries. Dat hy donkiejare gelede van oor die Vaal gekom het, het die man luidens betroubare gerugte lank reeds vergeet. So maak die Kaap maar met 'n man, is dit nie, Theo? Wel, sterkte vir jou en jou beter helfte daar ver oor die groot waters. Ons vertrou ons sal jou weer binnekort sien en verder kan luister na al die fratse wat die mediese wetenskap al mee moes maak.

Natuurlik was dit die Kongres wat voorop in elkeen se gedagtes was, maar vervoer was ongelukkig 'n groot krisis. Die feit dat mense soos die Kongresboesman seker al die pad uit die Kaap uit Pretoria toe sou kon draf, het tot weinig inspirasie gelei, want niemand het toe voetgeslaan nie. Hoe dit ook al sy, die Kaapse verteenwoordiging op die *event* van die jaar was elf man sterk. O, jammer, dames – ons was 5 manne en 6 dames sterk.

Uit betroubare oorde word verneem dat Cupido die pad na Die Hoekie toe byster geraak het, want Kongrespaartjies is daar net in enkelvoud. Gerugte het dit dat Alfred 'n paar Gauteng-knieë in water laat verander. Maar ons glo dat daar verder menige hegte vriendskapsbande gesmee is in die ure van martelende ontgroening, werkswinkels en uitputtende ontspanning. En Chrisjan, Britney Spears was toe nie teenwoordig nie – sy gaan by die naam van Erica van der Veen, en sy is eintlik nie 'n sangeres met 'n identiteitskrisis en so min as moontlik klere nie.

Dan was daar natuurlik die twee dames uit die Kaap wat die slegte maniere gehad het om net vinnig oë te wys in Pretoria, almal lekker te maak met die hoop dat hulle die sogenaamde, selfaangewese Camel Babes op Kongres sal beleef, en toe vat hulle 'n paar uur voor Kongres weer die pad. See toe, sal julle nogal glo! Ons sien vandag daardie twee einste dames rondloop met 'n *tan* wat skrik vir niks en 'n vonkel in die oog. Op vrae na waar hulle was en wat hulle gemaak het, verklaar hulle met uitdrukkings wat vir my maar ietwat aan die oor-onskuldige kant lyk, dat hulle maar nie woes veel gemaak het nie. Carina en Corrien, ek hoop daar is nog 'n paar harte wat heel is ná julle trippie!

Duidelik het die verlange na die Kapenaars die mense aan die verkeerde kant van die Vaalrivier sommer vinnig-vinnig al opgekeil, want skaars het ons weer voet aan wal gesit hier in die land van melk en heuning, of ons loop ons vas in die gebroeders Sterk, Wouter, Natasha, Petra en Annette. En nog 'n paar dae later vereer Bertha en Erica – ons suster *van down yonder* – ons ook met hul teenwoordigheid. Soos altyd wanneer daar besoekers uit minder opwindende dele van ons ou aardbol opdaag, het die Kaapse jeug weer die hele toeriste-ding met hart en siel gedoen. Clifton, Tafelberg, Leeukop, Seinheuwel, Strand en Green Market Square. Ook ons grootste Kaapse kuierdier, Floris, het weer sy opwagting hier gemaak, en ons gewys dat selfs Primitief… o, groot verskoning, Píét Retíéf, sy kuiergees nie kan demp nie.

En dan was daar natuurlik Oujaarsaand… Hier het die sleutelgatloerder werklik te veel sleutelgate gehad om dop te hou, maar die *crux* van die saak is dat ons die oujaar ietwat aan die laat kant – was ons 5 minute laat, of was dit maar net 'n enkele minuut? – op die agterstoep van huise Geleijnse, heel gesellig gegroet het. Die hoeveelheid bottels J.C. le Roux wat daar uitgespuit is, is vreeslik, en ons het gehoor dat Basie –

dit, vir die van julle wat hou nie so op hoogte is met die Kaapse dames se hartsake nie, is Magda se groot liefde in die lewe – die volgende oggend die rooi sjampanje met 'n *hosepipe* van die mure moes afspuit. Hierna het die rus darem so min of meer weer oor die Kaap gedaal, en by die ter perse gaan van hierdie uitgawe, is al die vreemdes seker weer terug in hul eie provinsies en lande.

As laaste vra ek net vinnig julle kosbare aandag vir die verwelkoming van ons enigste nuwe jeuglid. Elsje, ek hoop jy geniet ons geselskap en sosiale aktiwiteite en maak jouself tuis. Ons is nie regtig die kinders teen wie jou ma jou al die jare nog waarsku nie, al lyk dit deur die voorheen toegestopte sleutelgate soms wel so.

Hiermee, omdat ek vrees dat ek my goeie medewerkers aan dié blad van kosbare skryfspasie beroof, kom ek aan die end van my verhaal. Ek, saam met die res van die Kaapse jeug, wens ons nuwe redaksie alle sterkte toe vir die res van hierdie, kom ons hoop, uitspattige jaar. Corrien, Carina en Albert, geniet dit! Aan die uittredende lede, Christine, Lieneke en Margreet, dankie vir julle harde werk in die vorige jaar.

Wees gegroet, al julle nuuskierige broeders en susters. O, ja, julle's nuuskierig – as julle nie was nie, sou julle nie tot hier toe gelees het nie!!

Julle immer-waarheidsgetroue
Sleutelgatloerder.

VOETSPOOR

Ondanks allerhande naderende eksamens en ander euwels, kon die jeug die afgelope tyd tog nog so 'n bietjie kuier en sosialiseer. Sondagaande is volgens 'n dekades-lange tradisie gebruik vir koffiedrinke, en Willie en Riesl Spies was onder andere ook slagoffers. Ons (toe nog toekomende) kongresouers moes wel met 'n bietjie angs in hul hart toegekyk het na hierdie druisende massa jongelinge wat hulle huis belaag. Maar agteraf het wel geblyk dat ons net 'n gesellige groep drukteschoppers is, en het hulle seker nie meer te veel gestres oor die kongres nie.

Maar sulke tyd was dit nog lang nie. Daarvoor was dit in die eerste plek nog gewoon te vroeg in die jaar en in die tweede plek was daar die eindeksamens, gewone Mickey Mouse-eksamens, en eind-eindeksamens… Dit kon egter nie die illusie van vryheid en die valse gevoel van vakansie onderdruk nie. So is daar nog elke Sondag koffiedrinke gehou, onder andere by ons kommunikasiesentrum Tanya, by oom en tannie Groenveld, en nog by 'n klomp mense, wat ongelukkig slegs mondelings vermeld sal word, omdat dit altesaam die limit van 1000 woorde vir die artikel wel sal oorskrei.

Nog 'n groot gebeurtenis in die geskiedenis van 23 November 2001, was die jaarvergadering van die JS van Maranata. Dié is namelik verryk met 'n toneel, "Die Kongres". Nee, nie dié kongres nie, maar 'n mediese kongres. Die toneel was onder regie van ons eie bloukop-koggelmander, Frans. En het jy al ooit gewonder hoekom Cornelis nie 'n dokter is nie? Hoekom het die jong man vol potensiaal nou juis vir 'n studie in die teologie gekies? Die toneel het antwoorde gehad op talle vrae.

En dan alle huwelike: Wolter en Anita het getrou, en Anita kan haarself nou met trots mevrou Miske noem, terwyl mejuffrou Sterk verander het na mevrou De Jager. Baie geluk, Wolter, Anita, Marinus en Yolanda!

Met soveel gesellighede, sosialisering en gebeurtenisse het die vakansie gou aangebreek. Alhoewel dit taalkundig natuurlik pure onsin is, staan vakansie gelyk aan kongres. Dit het wel geblyk uit die digtheid der Kapenare in Pretoria, want alhoewel daar nie oordrewe baie Capies was nie, was daar tog nog 'n klomp, waaronder ons eie Patty, wat gelukkig weer terug is in ons midde.

Die tydjie voor kongres is daar natuurlik baie gekuier, maar ook aan ander mense gedink. 'n Groep jeug het byvoorbeeld gaan sing by oom Martien van der Sluis. Ook na alles dink en bid die jeug nog altyd aan hom en sy familie.

En toe, na alle vorige gebeurtenisse, het die kongres dus eindelik sy opwagting gemaak. Dinsdagoggend het almal na die kampterrein, die Hoekie, gegaan, en kon ons van die lekker kongres geniet, waaroor 'n uitgebreide verslag staan op bladsy 10.

By die kongres is daar ook weer nuwe en ou gesigte gesien: Bea en Gerrit Bruintjes (die ou gesigte), het uit die VSA gekom. Erica van der Veen ("wender Wien") uit Australië en Geert Drijfhout en Jan van der Hout uit Nederland was die nuwe gesigte. Laasgenoemde, beter bekend as Jan van Holland, sal mens maar eerder

'n Ou bekende hoem, soveel kuier hy by ons. Wonder of hulle jou in Nederland Jan van Afrika noem? Maar aan almal sê ons welkom, en kom maar soveel as wat julle wil, want ons hou van nuwe gesigte.

Na die kongres was dit nog steeds ene kuiery. Soos by Andreas, waar ons, nog met 'n post-Kongres sindroom, gebraai het. Alhoewel 50% van alle mense halfpad uitge-*pass* het, was dit nog steeds bere-gesellig.

Dat die jeug na die kongres 'n uitstekende sfeer gehandhaaf het, het ook duidelik geword die Sondagaand, toe almal na 'n ex-kongresvark, Gert Klapwijk se huis gegaan het. Nou, as statige ouderling, het hy en sy vrou, Ingrid, ons bedien met koffie en koek, en het ons lekker by hulle gekuier.

Kersfees het 'n groep jeug by hospitale gaan sing en so die siekes en bejaardes ook 'n lekker kersdag besorg. Dankie aan almal wat saamgesing het.

Intussen is ongelukkig ook van die Kapenaars afskeid geneem en behoort alles nou weer sy normale gang te gaan. Maar of dit ook die geval gaan wees, was nog maar die vraag…

Oujaarsaand is oudergewoonte geparty, maar so spesiaal is dit ook weer nie, gesien die voorheen gemelde handelinge. Na kerk het alle belangstellendes weereens na Chatterboxie (Tanya) gegaan om daar te braai, wat baie lekker was, aangesien hulle teen ons eie Himalaya, die Magaliesberg bly en mens dus daardeur 'n mooi uitsig oor die stad het. Net na twaalf uur, en toe alle nodige rituele en gewoontes wat maar gepaard gaan met die tradisie van oujaarsaand, verby was, het 'n groep jeugdiges Patty se Renault en Andreas se bakkie belaag en by gemeentelede aangery om almal 'n gelukkige 2002 toe te wens.

Na die georganiseerde aksies, is 'n klomp volharders in die feesvieringe na Arjan en Alex se huis om daar verder te verkeer. Hoewel 'n paar mense maar stilletjies en moeg gelyk het, is daar op die ou end tog tot laat (of is dit vroeg?) gekuier en is 2002 begin met die konsepsie dat deurnag lekker is…

Wat maak 'n nuwe jaar nou so spesiaal? Dis die vraag wat mens mensself afvra. Want 2002 is voortgesit op die manier waarop 2001 afgesluit het. Want op die eerste Vrydag- en Saterdagaand van die jaar, wat nog in sy prille jeug verkeer, was daar al weer braaie. Eers by Van Houwelingen. En asof ons geliefde Murphy ons nie al genoeg leed aangedoen het deur die jare nie, het hy weer sy eie (o, dankie meneer Murphy) Murphy's Law toegepas en was die braai in stromende reën. Maar dit kon nie keer dat mens lekker gekuier het nie, en het die meeste mense dit wel geniet.

Die tweede braai was gehou om afskeid te neem van Anita Zielman. Anita gaan naamlik na die vissersdorp der vissersdorpe, Spakenburg, in Nederland, om daar te gaan woon. Sterkte daar, Anita, en kom kuier maar elke nou en dan!

Stadig maar seker kom daar ook 'n einde aan die langverwagte maar kortdurende vakansie en begin mens al orals die irriterendste plakkate ooit (Back to school!) sien. Die vryheid is amper verby, maar die jeug sal bly voort social. Want het hierdie artikel nie begin met party in die eksamens nie?

Vir 'n hele klomp kongresfoto's besoek:
http://community.webshots.com/album/28720107wu MeMyqONn (hoofletters en kleinletters maak saak!)
Tot die volgende keer,
Voetspoor

LAAT ONS ONS LIEFDE VIR MEKAAR WYS

Geliefdes, laat ons mekaar liefhê; want die liefde is uit God, en elkeen wat liefhet, is uit God gebore en ken God.
1 Johannes 4:7

Ons staan alweer aan die begin van 'n ander jaar. Dit is weereens tyd om te besin oor wat gebeur het in die afgelope jaar en om planne te maak vir die volgende. Die gedig wat ek vir hierdie keer uitgesoek het is so een wat via e-pos versprei word. Deur om te wys na die dood en hoe kort die lewe eintlik is, herinner hierdie gedig ons dat ons ons liefde vir ons familie en vriende heeltyd moet wys. Laat ons dit onthou hierdie jaar en daarna strewe om God se liefde aan ander mense oor te dra.

Groete,
Willemien

IF I KNEW

If I knew it would be the last time
That I'd see you fall asleep,
I would tuck you in more tightly
and pray the Lord, your soul to keep.

If I knew it would be the last time
that I see you walk out the door,
I would give you a hug and kiss
and call you back for one more.

If I knew it would be the last time
I'd hear your voice lifted up in praise,
I would video tape each action and word,
so I could play them back day after day.

If I knew it would be the last time,
I could spare an extra minute
to stop and say "I love you,"
instead of assuming you would KNOW I do.

If I knew it would be the last time
I would be there to share your day,
well I'm sure you'll have so many more,
so I can let just this one slip away.

For surely there's always tomorrow
to make up for an oversight,
and we always get a second chance
to make everything just right.

There will always be another day
to say "I love you,"
And certainly there's another chance
to say our "Anything I can do?"

But just in case I might be wrong,
and today is all I get,
I'd like to say how much I love you
and I hope we never forget.

Tomorrow is not promised to anyone,
young or old alike,
And today may be the last chance
you get to hold your loved one tight.

So if you're waiting for tomorrow,
why not do it today?
For if tomorrow never comes,
you'll surely regret the day,

That you didn't take that extra time
for a smile, a hug, or a kiss
and you were too busy to grant someone,
what turned out to be their one last wish.

So hold your loved ones close today,
and whisper in their ear,
Tell them how much you love them
and that you'll always hold them dear

Take time to say "I'm sorry,"
"Please forgive me," "Thank you," or "It's okay."
And if tomorrow never comes,
you'll have no regrets about today

DIE OLIEFANT

Dink jy die Olielamp kan doen met 'n nuwe baadjie?
Dink jy 'n volkleur voorblad sal dit meer woema gee?
Gee jou voorstelle deur aan jou naaste redaksie voor 15 Maart 2002.

VERJAARSDAE

Bethal

Hannes van der Merwe	9 Feb

Johannesburg

Wolter Bijker	20 Mar
Johan van Lith	22 Mar

Kaapstad

Hester Douma	4 Feb
Sonja van der Linden	15 Feb
Carien Antonides	28 Feb
Corrien Geleijnse	1 Mar
Geerarda van der Vinne	3 Mar
Sjirk Geerts	5 Mar
Maarten Raimond	21 Mar

Maranata

Tanya Kampman	13 Feb
Bertha de Jager	3 Mar
Jean-Paul van den Bout	12 Mar
Gerda Aartsma	24 Mar
Marinus de Jager	31 Mar

Pretoria

Nicoline Bijker	3 Feb
Arjen Buenk	4 Feb
Wouter Ros	9 Feb
Chris Stolper	10 Feb
Trudie de Jager	11 Feb
Gerrit Smit	17 Feb
Annette van der Poel	21 Feb
Ineke Roose	2 Mar
Marjanie Roose	2 Mar
Jan Lubbinge	13 Mar
Annelieke de Vries	21 Mar
Natasha Danielz	25 Mar
Pieter Bron	25 Mar
Albert van der Poel	26 Mar
Frank Douma	30 Mar

Sperdatum vir volgende uitgawe: 17 Feb 2002